

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE



Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

U weet hoe ons nou verskillende male die naam/name afgekondig het van ons broer(s) wat as ouderling(e) en diaken(s) van hierdie gemeente verkies is, ten einde te verneem of iemand iets het waarom hy/hulle nie in sy/hulle diens bevestig mag word nie. Aangesien niemand egter enige wettige beswaar teen sy/hulle bevestiging voorgelê het nie, sal ons hom/hulle nou in sy/hulle diens bevestig. Vir die doel moet u, broer(s) wat bevestig word, en ook alle aanwesiges eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en ampswerk van die ouderlinge en diakens aanhoor.

'n Ouderling is iemand wat die diens van regering in die gemeente van Christus beoefen. Ouderlinge of opsieners het deurgaans in die apostoliese kerk die gemeente met die Woord geregeer en versorg volgens die gawes wat die Heilige Gees gegee het.

Ons glo dat Christus mense tot besondere dienste in sy kerk roep om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus tot opbou van die liggaam van Christus. Daarom rus Christus hulle ook toe met die gawes wat hulle nodig het.

As ouderling(e), geliefde broer(s), word u geroep om die gemeente te regeer en te versorg. Hierdie diens word nie net aan een of twee toevertrou nie, maar aan al die ouderlinge saam, wat onder leiding van en saam met die bedienaar van die Woord die kerkraad vorm. Om hierdie diens behoorlik te kan uitoefen is dit nodig dat die ouderlinge die Woord van God deeglik ondersoek en hulle oefen in die rykdom van die evangelie.

U opdrag as ouderling(e) is dus die volgende:

1. U moet toesien dat alles in die kerk behoorlik volgens goeie orde plaasvind, dat die Woord en sakramente gereeld en suiwer bedien word en dat die sakramente heilig gehou word. U moet daarop let dat die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens getrou en deeglik hulle Goddelike opdragte uitvoer, en u moet die bedienaar(s) van die Woord met goeie raad bystaan.
2. U moet sorgvuldig let op die leer en lewe van elke lidmaat en alle Christene met raad en troos ondersteun. Teen die lidmate wat hulle nie bekeer nie en in hulle sondes voortlewe, moet met die kerklike vermaning en tug opgetree word, en die wat berou het, moet weer in die gemeenskap van die kerk ontvang word.
3. U moet veral oor die leer en wandel van bedienaars van die Woord toesig hou, sodat alles tot opbou van die kerk mag strek en geen vreemde leer verkondig word nie.
4. U moet ook die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus roep, want so vergader Christus sy kerk.

U het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u nou om opreg op die volgende vrae te antwoord:

Vrae

1. Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?
2. Glo u dat die Heilige Skrif die Woord van God is en dat dit die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?
3. Belowe u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer in ooreenstemming met hierdie leer uit te voer en volgens hierdie leer te lewe?
4. Belowe u om u aan die kerklike vermanings en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop vra die bedienaar: N, wat is hierop u antwoord?

Hierop moet hy/hulle antwoord: Ja.

Daarop moet die bedienaar sê: Mag die alvermoënde God en Vader u sy genade skenk om in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam te wees!

Verder moet hy hom/hulle sowel as die hele gemeente soos volg vermaan: Wees dan, ouderling(e), ywerig in die regering van die gemeente. Wees soos ('n) wagter(s) oor die huis van God, vermaan en vertrous elkeen na sy behoefte. Wees daarop bedag dat die leer suiwer gehou word en dat die gemeente heilig lewe.

Wees getrou in u diens en wees ('n) goeie voorganger(s) vir die hele gemeente. So sal u vir uself 'n eervolle plek in die gemeente verwerf en groot vrymoedigheid in u geloof in Christus verkry en na hierdie lewe in die vreugde van die Here ingaan.

Stel u gewillig onder hulle toesig en regering, want hulle waak oor u lewe en sal eenmaal daarvan rekenskap moet gee.

U, geliefde gemeente, ontvang hierdie man(ne) as dienaar(s) van God. Dink aan die ouderlinge en diakens in u gebede.

Gebed Omdat ons dit nie uit onself kan doen nie, laat ons die almagtige God aanroep.

Ons Vader,

Ons dank U dat U hierdie man(ne) deur u Gees gelei het om die roeping op te volg. Ons bid U, gee aan hom/hulle steeds meer die gawes wat hy/hulle nodig het om sy/hulle diens te verrig. Skenk aan hom/hulle wysheid, skerpsinnigheid, onderskeidingsvermoë en liefde. Verleen hom/hulle genade om getrou in die diens te volhard en nooit deur teleurstelling, moeite, verdriet of vervolging van die wêreld te verslap nie. Seën, Here, die gemeente waaroor u hom/hulle gestel het. Maak elkeen gewillig om hom/haar aan die vermaning van die ouderlinge te onderwerp, omdat ons hulle eer ter wille van hulle roeping. Voorsien die gemeente genadig van die nodige middele om ryk te kan wees in vrygewigheid en alle goeie werke. Leer ons, deur die liefde van ons Here Jesus Christus, om aan mekaar se belange te dink.

Laat so u heilige Naam geëer word en die koninkryk van u Seun Christus kom.

Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun. Amen.